# Linda se dagboek

# Milange

# 23 Junie tot 14 Julie 1994



**Uitreik-teks: Matteus 28 :19 – 20 (Afr 83)**

Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

**DONDERDAG 23 JUNIE 1994**

Die Kaap is koud en nat! Gedurende die afgelope paar dae is kamptoerusting by die kerk en huise afgelewer. Kragopwekkers, vrieskas, kos, geskenke vir Bonny en Danie ons sendelinge op Milange, goeie wense, donasies en baie gebede het ons laat besef dat die saak waarvoor ons so lank gebid het, tot aksie oorgaan. Die kos, tente, slaapsakke en bougereedskap word om 16:00 by die kerk sentrum afgelaai. 10 dosyn eiers word nog gou in 'n yslike groot kastrol verpak (elke eier in 'n koerant papiertjie gedraai) en dan alles op die bakkie en sleepwaens oor - miskien kry ons tog alles in… Die reën gee gereeld kans om te pak, verpak en weer te pak.

Die telefoon en voordeurklokkie lui aanhoudend. Baie dankbaar en baie besig.

**VRYDAG 24 JUNIE 1994**

Om 02:00 ontmoet die bouspan-na-Milange by Bergsig kerk sentrum. Dis baie koud en onplesierig - méér nog vir dié wat ons in die nagtelike ure kom afsien het. (Ek wens ons kan al op die pad wees sodat die "wat-moet-ons-nog-onthou" kan ophou. Sophia en Maria vervoer die Coetzee's na die kerk en Gert en Esther Pretorius kom ons afsien; so ook die kinders wat saamgaan, se ouers. Die Kuylers se dogter, Elnoria, ry saam tot in Pretoria.

Jean verjaar en so tussen die inklim deur wens ons hom geluk. Sy ma het gesorg dat daar genoeg verjaardagkoek op die bus is, om nie te praat van die springmielies en koeksisters nie!

Uiteindelik val ons in die pad! (Ek wonder wat onder my voete is, maar elkeen moet maar platval en sit, want die bus wil ry!) Voor is die 25-sitplek dieselbus met 'n yslike sleepwa van Tienie Louw. Nic Treurnicht se rooi bakkie en 'n Venter-sleepwa is agter ons. Die 2-rigtingradio is 'n fees: Abrie en Ben ry in die bakkie en hy glo skynbaar almal in die bus is so wakker soos hy! Die slaap oorval sommige van ons - so stywe nekkerig en strammerig, want hoe kry Mario dit reg om soos 'n hoender op 'n stellasie te sit en slaap? Dit reën tot by Touwsrivier.

Eerste stop: Laingsburg. Hervul brandstof. Hier trek sommer 'n hele klomp voertuie in - vakansiegangers wat oorgehaal is vir uitspan. Almal lyk baie geïnteresseerd in ons pakkasie: kruiwaens, grawe en hope stapels in die bus!

Op Beaufort-Wes stop ons 'n paar sekondes om 'n pakkie vir Bonny op te laai. Om 09:20 gooi ons brandstof in by Drie Susters (eenrigting tekens ten spyt). Almal rek bene en die kinders soek steeds na die derde suster...Brandstof weer by Colesberg en Winburg. Thys eet heelpad -en ek wonder of die kos ooit genoeg gaan wees...

Net voor Johannesburg sak die son asemrowend mooi. Ons hou verby Pretoria toe om Elnoria af te laai en die visums by Maryka Kuyler te kry. Dis heerlik om uit te klim en bene te rek, maar hoe ver nog? Elnoria is erg bekommerd dat ons haar as gyselaar gaan hou as die visums nie daar is nie! (Dit is toe daar en baie gebede is verhoor!) 'n Groot verrassing: Danie en Bonny is by Maryka. (Hulle het ± 18:00 in Jhb aangekom van Maputo af.) Danie is gesond, maar Bonny is baie siek- dis ontstellend om te sien hoe swak sy van die malaria is. Danie moet haar ondersteun as sy loop. Almal in die bus verskuif bietjie en ons maak plek vir die Murrays.

Ons val weer in die pad Nylstroom toe en die raaisels en grappe hou die bakkie en bus aan die gang. Ons hervul buite Warmbad en die bakkie wil nie weer vat nie. Die jongelinge gaan help stoot en ons vroumense in die bus bid ... en daar gaat ons! (Agterna hoor ons dat Danie die bakkie se aansitter motor net daar 'n hou met 'n klip gegee het - en dit was die einde van die bakkie se knorre!)

22:30 Nylstroom is 'n pragtige dorp, maar die hongerte knaag en ons wonder watter kant toe. Nog 'n wonderwerk: ons gasheer, Connie Coetzee, ons gasheer vir die nag, sien ons in die verlate strate en wys ons die pad tot voor sy deur. Ons word verwelkom in 'n paleis van 'n huis met die interessantste slaapkamers. (Ek en Abrie slaap saam met die priester en moedertjie in die grot van genot!) Heerlike sop en broodjies red ons. Alhoewel die warm water te min is, is die beddens en gasvryheid vuurwarm. Die jongmanne slaap in 'n yslike groot vertrek by die vleuelklavier!!

Ons staan vroeër op as wat ons beplan het (Abrie het nie sy bril opgehad toe hy sy wekker gestel het nie!). 'n Diefstal word aangemeld: Teyo se mou is uit sy hemp gesteel - met Marguerite se hulp kry hy dit gelukkig weer! Ons glip stilletjies weg nadat ons koffie en beskuit gehad het.

**SATERDAG 25 JUNIE**

Stop by Messina. Hier moet ek mos die brood koop volgens Corné. Ai, hoe wens ek tog sy was hier! Ons stop oorkant die bakkery en koop heerlike brood, pasteitjies, vla tertjies by bakkery en sit plat op die sypaadjie in die hoofstraat en eet ontbyt. Die tannie van die bakkery met die "wye" hare doen uitstekende besigheid!

Die omgewing is pragtig. Kremetartbome is volop en baie mooi.

Ons gaan deur die eerste grenspos en almal is stokstyf van nie-weet-wat-om-te-verwag-nie. Vorms word ingevul en Danie staan lank in die ry vir ons! Honderde mense wag almal geduldig (!) saam. Die evangelisasie span van Worcester is ook daar en Marguerite kry haar broer en gesin wat op pad Tanzanië toe is.

Dis 'n groot aardigheid om koeldrank in Zim-dollars te koop. Uiteindelik is ons deur die grens (na twee en 'n half uur) ... en toe stop doane die bakkie. Na Jean en Theodor die 200-meter 'n paar maal afgelê het, is die regte papiere goedgekeur en ons is weer op pad. (Nie sonder 'n stampie op die bakkie se neus nie - 'n reuse-vragmotor wou net so bietjie agtertoe ry. Christo en Mario se vuurdoop!)

Ons span vir middagete by 'n padkafee uit - Roché Heyns borg ons koeldrank en biltong en Eduard en Eleen borg die pasteitjies. Dis 'n pragtige land. Daar is lang rye handgemaakte ware langs die paaie. Teyo "dirigeer" ons om op die telling van 3 te waai!

Dit gaan baie voorspoedig vorentoe en ons kom ± 16:45 by die Zimbabwe Ruïnes aan. Net lig genoeg om gou in verwondering te staan voor dié wonder. Ek en Ben verken al die nou gangetjies en trappies. Ons besluit om net daar te braai en te slaap. Dis gou donker en nie tyd vir tent opslaan nie. Ons maak kos en almal eet laaste padkos om vol te word. My slaapsak lê bo-in my kas in Durbanville en Abrie moet hom oor my ontferm. Ons slaap onder 'n reuse boom onder die sterrehemel. Oral om ons is kampeerders. Abrie reël met Gondo (hy is werksaam by die "Great Zimbabwe" en sy naam beteken "The Great Eagle") dat ons 04:00 die terrein kan verlaat. Hy gaan saam met ons tot by Masvingo en derhalwe hoef ons nie kampeer-geld te betaal nie en kan ons 04:00 i.p.v. 06:00 die terrein verlaat. Oom Hans "groet" Zimbabwe luid in die vroeë oggend ure en spoedig is ons op pad.

**SONDAG 26 JUNIE**

Gondo vertel interessante dinge aan Abrie wat dan via die 2-rigtingradio dit aan ons oordra, o.a. die bas van die kremetartbome wat afgestroop en vir hoede en klere gebruik word. Die uitstekende onderrig in skole met baie goeie uitslae tsv karige onderwys salarisse.

Ons gaan oor die Sabierivier (Birchenough-brug) en draai spesiaal terug om 'n paar mooi foto's te neem. Die bus begin baie rook en die slim tegnici vind uit dat een van die diesel pypies gebreek is. Hulle maak 'n plan en ons haal Mutare sonder ernstige probleme. Voor ons die woongebied ingaan, is daar 'n bord wat aandui dat dit 'n cholera-gebied is...nou moet ons begin water kook. Gondo neem Abrie en Danie na die mark waar hulle 'n nuwe diesel pypie koop. Op Danie se aanbeveling koop hulle ook 'n handige sink-houer met twee ore waarin ons water kan verhit. Die pypie pas nie 100% nie en hulle verstel dit weer by die mark waar alle tipe handwerk gedoen word -sweis, hamer, kap ens. Ons koop Zimbabwe-tee en heerlike sap en brood in 'n plaaslike winkel. Ek en Marguerite en die meisiekinders

stap in die hoofstraat op en doen "window shopping". Die strate is redelik verlate op die Sondagoggend.

Aangesien ons redelik lank in Mutari was, besef ons dat ons beslis nie tot by Blantyre sal kan ry nie. Die grens tussen Zimbabwe en Mosambiek word oorgesteek by Machipanda grenspos. Dis maar 'n vuil affêre en dis moeilik om nie op jou gesigte te wys hoe jy voel nie!!

Ons maak middagete op die bus. Marguerite sny snye brood op haar skoot, Ilona smeer en ek stuur aan. Dit gaan rof, maar almal is honger. Marius mis sy Sondagmiddag slapie en Marguerite jnr. verstik byna aan haar fopspeen wat sy vir nagereg kry.

Die pad is maar ru en oral is mynvelde wat nog nie opgeklaar is nie. Ons hou maar mooi op die pad indien moontlik. By tye werk hulle aan die pad en plaas houtstompe dwars oor die een helfte van die pad. Die geloof moet maar sterk wees as daar 'n voertuig van voor af kom - iemand moet padgee... Ons ry oor 'n wankelmoedige brug wat van treinslepers gemaak is en maar kla onder die las. Mosambiek is 'n baie arm land en mens kan sien die mense kry swaar. Die hutte staan plek-plek duisende aaneen en Danie vertel dat dié dele nog glad nie deur die Evangelie bereik is nie.

Dit raak laatmiddag en baie moeg (en effe moedeloos?) stoom ons Tete(hoofstad van die provinsie Tete) binne. Gemengde gevoelens: groot en indrukwekkende geboue, maar almal verniel, sonder vensters a.g.v.oorlog. Dit is 'n baie vuil stad. Die mense drom om die bus saam en verwonder hulle aan ons as ons by die vulstasie stilhou. Dit is baie warm. Almal klim uit, maar ek is half teensinnig. Hulle wil nie ons geldeenheid vir die brandstof aanvaar nie en dis tyd vir 'n wonderwerk!

"Hallo, hallo, wat maak julle hier?" Dis darem maar lekker om Afrikaans te hoor op so 'n stadium!! Willie Gouws het ons raakgesien. Hy bied 'n kampterrein op die walle van die Zambezirivier vir ons aan. Die terrein is gereedgemaak vir 'n evangelisasie-span van Worcester vir wie hy op die uitkyk is. Ons aanvaar die aanbod met ope arms en kom net so saam met die donker by die kampterrein aan.

Ons eerste kennismaking met DIE GAT! Die toilet is 'n diep uitgegraafde gat wat met pale toegemaak is en met grond bedek is. 'n Mooi vierkant van ± 20 x 20 cm word gelaat en mens moet jou mik ken saam met die hurk-moenie eens dink aan krampe in jou bene nie! Daar is darem 'n gras skerm om die gat!

Pragtige gras skerms om die kampterrein ook - die Here het beslis geweet dit moet half donker wees as ons daar aankom, want ek het 'n sterk vermoede dis maar 'n obskure buurt - wat uitkyk oor die breë rivier. Die liggies aan die anderkant van die rivier skitterblink en ons hoor die musiek van 'n evangelisasie span oorkant die rivier wat 'n video wys!

'n Klein Duitse meisie kom daar aan en vra of sy daar kan slaap tot die ander span opdaag. Haar kontrak by 'n vorige groep het verval en sy wag op 'n nuwe opdrag. Sy het Landbou by verskillende skole in Mosambiek gegee. Sowat van geloof!!

Ons skep water in die Zambezi vir opwas en kosmaak en Willie verseker ons dat die krokodille dié week se kwota van twee mense onderkant die brug al in het! Die amptelike eerste kosmaak breek aan. Wat 'n fiasko om kos te soek in volgepakte voertuie en sleepwaens! Maar, die Here voorsien weer en mens kan maar bid vir elke blikkie en rol toiletpapier wat uit die bus/bakkie/sleepwa moet kom. Abrie haal hulle uit asof ek dit so ingepak het!! Willie vra of daar nog 5 mense saam kan eet en ons maalvleis a la groente maak almal se mae vol. Die broodrolletjies van Messina kom baie goed te pas. Marguerite sny die reuse-avokado's oop vir slaai.

Ons slaap net daar sonder tente op die walle van die magtige Zambezi. Johann word in die nag wakker met varke wat om ons rondsnuffel en ons onthou nou nog van die hond wat ons toegesing (-snou) het!! (Ek wou darem nie "Voertsek" skree nie, toe help 'n ordentlike Sjjjjt darem na die derde keer!)

**MAANDAG 27 JUNIE**

Ons vertrek om 04:25 vanaf Tete.

Die pad "verdwyn" soms heeltemal en die bakkie sit só vas in die poeier getrapte sand, dat die seuns moet help uitstoot!

Ons probeer so gou moontlik by die grenspos kom. Die mense by die Malawi-grens is pragtig en vriendelik. Die straat-kinders verkoop hardgekookte eiers en 'n bakkie met taamlike nie-wit-nie sout. Danie koop vir my 'n teelepel geroosterde grondboontjies by 'n ander een en ek het al klaar weer 'n probleem met die verkeerde geld eenheid.

Dit is 'n pragtige omgewing. Ons koop koeldrank en nartjies (Marguerite se swak) by die grenspos. Die Malawi-kindertjies deel koekies onder mekaar en is baie vriendelik.

Dis 'n rustige land en oral blom die mangobome, Poinsettias, bougainvilleas, frangipani ens. ens. Hier is die huise weer vierkantig/reghoekig en nie rond soos in Mosambiek nie (moontlik die Westerse invloed?). Ons eet weer middagete in die bus en raak letterlik en figuurlik gekonfyt in die saak.

Blantyre - 'n groot stad. Ons laat die bus regmaak en koop kos (o.a. 3dae se brood!) in 'n groot en moderne supermark. Die kassier vra baie mooi of sy nie my Bergsig T-hemp kan kry nie. Sy vra of dit ons uniform is. Dis wonderlik om 'n skoon kleedkamer in die winkel te kan besoek.

Ons almal geniet die markte op die sypaadjies. Handelaars wil net hul handelsware verkoop of geld ruil. Marguerite verras hul telkens as sy hulle so in hul eie taal, Chichewa, aanpraat oor hul pryse!

Ons koop 'n Chiperoni-kombers in Limbe aan die buitewyke van Blantyre en sien hoe die mans voor die winkels op die stoepe en sypaadjies sit en naaldwerk doen - o.a. snyerspakke.

Terwyl Danie en Abrie moet terugry Blantyre toe op soek na 'n inkomsteseël vir die versekering van een van die voertuie, neem ons foto's van 'n ou man wat op die sypaadjie ons sit en gade slaan.

Ons ry verder deur Malawi se pragtige tee- en koffieplantasies. Dit is 'n pragtige wêreld. Baie groen en boomryk en die mense baie vriendelik. A.g.v. al die suikerriet stukke wat langs die pad lê (baie daarvan pap gekou en uitgespoeg!) lyk dit vuil langs die pad. Daar is oral mense en fietse op en langs die pad. Blykbaar is hulle oë bietjie groot as hulle by die bus verby is en niks vermoedend inswaai om dan net weer te besef daar is nog 'n sleepwa en 'n bakkie en nog 'n sleepwa wat hulle moet verby. Die pad is smal en aankomende voertuie ry halfpad van die pad af om by mekaar verby te kom. Dié deel is baie digbevolk. Dit stamp en skud ongelooflik en ons ry ± 3 uur aan ± 125 km!! Ons stop by 'n mark en koop piesangs- dis baie vuil en bar hier en min produkte op die mark (by een van die stalletjies maak iemand matrasse en kussings). Hier word meesal sade, peule, suikerriet, gedroogde vissies verkoop. 'n Paar kilometer later stop ons weer en Teyo koop miljoene (dit voel soveel as dit so agtertoe in die bus gestuur word!) pynappels en piesangs.

Die Mulange berg lê by ons. Dis 'n reusagtige berg: 3 maal so hoog soos Tafelberg met soliede graniet-koppe (dan dink ons Paarl rots is iets!).Marguerite het die berg al drie maal uitgeklim en weereens styg my dunk van dié klein vroutjie.

Ons kom na 'n uitputtende tog (maar beslis baie mooi en interessant) by die Mosambiek-grens aan - voel nie baie welkom nie en moet R1 betaal omdat ek 'n vorm verkeerd ingevul het en derhalwe nog een moes gebruik! Uiteindelik het ons ons bestemming bereik. Milange-die dorpie-is hier!

'n Paar kilometer later kom ons teen sononder by ons kampterrein aan. Die kindertjies hardloop saam met die bus vir die laaste honderd meter en met Marius se uitklim-Viva, antwoord hulle hom soos 'n goed afgerigte koor: VIVA! Ons kampterrein is 'n omgeploegde mielieland en ons kan in die sonsondergang ons toilet wat mooi met swart bouers-plastiek toegekamp is, waardeer. Danie en Bonny se twee-man karavaantjie is net langs ons terrein (met gras omhein). Die Mosambiek kindertjies vind ons baie amusant. Die plaaslike bouspan staan ook in ‘n ry om ons met die hand te groet en welkom te heet.

Die tente word afgelaai en opgeslaan en almal is ewe haastig om 'n beskutting om hom/haar te hê in die vreemde. Dit voel maar taamlik kaal, maar in die donker weet mens gelukkig nie wie vir jou kyk nie! Uiteindelik staan al die tente. Danksy Gert Pretorius het ons 'n heerlike kos-tent wat sommer dadelik druk gebruik word. Daar is 7 kleiner tente vir slaapplek en ons laer staan. Ons eet vinnig brood met vleis op en val plat om te slaap. Die grond is ongelyk en hard.

**DINSDAG 28 JUNIE**

Deur die nag word ons wakker van geweervuur.  Danie verduidelik later dit is Renamo soldate, wat die oorlog verloor het en nou in ‘n kamp aangehou word. Met hul AK47s en baie ammunisie.

Die meisiekinders ontwaak om 07:00 en Inge skryf in haar dagboek: onnatuurlik vroeg vir 'n Suid-Afrikaanse vakansie!!!

Ons drink koffie en beskuit en beskou die rooibruin stof wat steeds waai. Die wind het gedurende die nag baie sterk begin waai (nie baie algemeen vir dié deel nie) en alles is vanoggend bedek met stof. Die kostent lyk of daar 'n orkaan verby is ... alles sal weer uitgepak, afgewas en oorgepak moet word - maar asseblief tog net as die wind eers gaan lê het! Christo kan net nie uitgepraat raak oor hoe wonderlik die sand tussen sy tande is nie!

Ontbyt: Weetbix met melk (met 'n lagie sand bo-oor gestrooi).

Die mans is vuur en vlam en gaan hou "site"-inspeksie by die bouery en lyk maar taamlik bedremmeld met die terugkom ... daar gaan nie veel aan nie. Behalwe dat die fondasies gegrawe is en die vloere gegiet is, is daar niks verder nie. Nie stene nie. Nie bousand nie. Net 17 sakkies sement.

Die toegangspad is maar sleg en die flukses begin pad maak. Al die water wat ons gebruik, moet ook vanaf 'n put (± 1 kilometer weg) gehaal en gekook word. Dis nogal 'n ander saak om dit vinnig afgekoel te kry, want die manne is dors! Ons het 2 x 200-liter houers waarin water daagliks gehaal word. 'n Halwe drom op die vuur (danksy Peter Montgommery!) word gedurig gekook vir gebruiks-water en die handige sinkhouer van Mutare word ook gebruik om water in te kook vir drinkwater. Vuurmaakhout is effens 'n probleem en Abrie gaan soek hout. Ons besef (moontlik werklik vir die eerste keer in ons lewens) hoe lewensnoodsaaklik water is!!

Bonny doen verslag dat daar muise in hul karavaan was terwyl hulle weg was. Van haar onderklere is stukkend geknaag en die diertjies was ook in hul kos. Van nou af sit sy al haar kos in skroefkop houers en blikkies!

Middagete: brood en verder lag ons maar oor alles wat vol sand is....

Die skares wat ons gadeslaan, is maar vreemd - is ons vir hulle meer snaaks as hulle vir ons? Skielik is ek baie bewus van al my aardse goeters wat vir dié mense na BAIE moet lyk… het ons dit alles nodig? Die werkers begin om ons terrein met lang gras toe te maak. Lang pale word ingeplant en dan "dek" hulle dit met gras wat vasgebind word. Terwyl hulle werk, sing hulle pragtig -die een falsetto -en die handjies wat so gereeld deur die gras "pop" om dit vas te maak, lyk telkens soos 'n voëltjie wat tussen die gras uitpeuel. Inge en Louise gaan speel bal met die klein kindertjies. (Peter Buttner het, benewens die Coetzees se sakke wat hy geborg het en 'n videokamera wat hy saam-gestuur het, ook 10 sokkerballe saam-gestuur.) Die kinders kom haal later self die bal en bring dit terug nadat hulle gespeel het. Ons besluit om al die balle vir Danie te gee sodat hulle dit een op 'n keer kan gebruik.)

Aandete: skaapnek (Linda besef dat haar potjiekos langer op die vuur kan bly en beplan om die volgende aandete direk na middagete te begin maak.)

Ons doen elke aand Bybelstudie en sluit die dag se wedervaringe so om die vuur af.

Marius sit elektriese beligting om die terrein en dit lyk soos Xmas-en die kragopwekker klink soos permanente donderweer.(Snaaks hoe selfsugtig ons is: ons is verontwaardig oor die baba wat ons wakker huil, maar hoe raak hulle aan die slaap met dié vreeslike gedreun? En hoe verduidelik hulle dit aan hul kinders?)

**WOENSDAG 29 JUNIE**

Die wind het laasnag weer stormsterk gewaai. Ben het 'n baie erge asma-nag agter die rug. Nie dat dit hom veel gepla het nie. So deur die nag het hy en Abrie tente omgeruil en ek was baie deeglik bewus van al die note wat sy longe gefluit het!! Uiteindelik het die wind darem ook gaan lê toe dit eers lekker ligdag is.

Elke oggend om 06:40 hou Danie en die plaaslike bouspan godsdiens in die kerkie. Hulle beplan dan ook die dag se werk. Ons manne kry koffie en beskuit om 06:20 en gaan dan ook saam godsdiens/vergadering hou. Een lees uit die Afrikaanse Bybel, een van hulle lees uit die Chichewa Bybel en die tolk help dan om die gedagtes uit te ruil. Dan volg die beplanning van die dag se werk. Dit is snags nogal koud en ek verlang maar baie na die nuwe slaapsak in die kas by die huis. Bedags is dit heerlike werksweer.

Ontbyt: Maltabella-pap.

llona sorteer al die kos in houers sodat ons weet waar wat is - is alle matriek dogters so fluks? Waar is die mense wat alewig kla oor die jeug?

Ons ry saam met Abrie na die vliegveld van vergange se dae om nog gras vir die omheining te sny en laai die bus en sleepwa vol. (Die gras word tot ±3 m hoog en is ideaal vir omheining en dakbedekking.) 'n Paar kinders het ook groot bundels gras kom sny en dra dit

op hul koppe weg-dit lyk soos volstruisies as hulle so ritmies wegstap en hulle giggel baie oor die video wat ons van hulle maak. Een van die werkers (Fernando McGlass) wat help gras sny, vra Marguerite om na 'n seer oog/wang te kyk. Hulle het gehoor daar is 'n verpleegster onder ons en al wat siek is wil graag hulp hê. 'n Sesjarige seuntjie het verbrand en waar sy broekrek weggetrek is, het 'n rou wond gevorm - Marguerite sit elke dag vir hom salf en skoon verbande op. Sy pa en ma bring hom na ons kamp toe en dit is baie opvallend dat hulle hul vir dié belangrike afspraak uitdos.

Die Evangelisasiespan van Helderberg gemeente daag op. Die seuns is in vervoering oor die pragtige jong meisies en Jean en Theodor loer meer bo-oor die nuut-geboude mure as wat hulle stene aangee.

John Roux en sy vrou, Stephanie is in beheer van die span. Hulle het al hul kos in die Kaap klaar gaargemaak en bly 'n entjie uit Milange. Hulle is baie verontwaardig as hulle ons toilet moet gebruik, want hulle het 'n draagbare toilet saamgebring! Hulle water is baie beperk, maar ek moet sê, die goedjies lyk pragtig skoon.

Hulle het ook tolke uit Malawi saamgebring en spring dadelik aan die werk. Die Here werk werklik kragtig en ons hoor van baie wonderlike bekerings. Sodra die Chewa-mense die blye boodskap hoor, gaan vertel hulle dit dadelik weer aan hul eie mense (terwyl Marguerite een middag in haar tent is, hoor sy aan die anderkant van die heining hoe iemand dit in Chewa vir 'n vriend vertel en ek en sy is traanoog bly oor nog 'n siel wat gered is!).

Middagete: broodjies met tuna-mayonnaise.

Abrie gaan wys vir ons die put waar die dorpie se inwoners gaan water haal. Dit is helderskoon water en onderin swem 'n hele paar visse! Die jongelinge vorm 'n "production line" en gee die water per emmer aan totdat dit in die bakkie in die groot 200 liter houer gegooi word. Die Chewas vind ons baie vreemd. Die Chewa dogtertjies dra speel-speel 'n propvol emmer water op hul kop huis toe. Die vroue wat kom water skep, skuur eers hul waterhouer met sand skoon by die uitloop van die put. Twee dogtertjies staan eenkant en brei sulke lang dun stroke (seker so 3 cm breed); die een brei met twee draadjies en die ander met twee stokkies. Die mense is baie vriendelik en groet graag. Die kinders staan en giggel en is baie skaam as ons vir hulle aandag gee. Marguerite kom telkens tot ons redding met haar taalvaardigheid.

Die aand word die Jesus-film voor die skool vertoon. Die Evangelisasiespan van Helderberg gemeente wys dit op laken en honderde mense kan van 2 kante af staan en kyk!

Aandete: maalvleis met spaghetti.

Christo maak vir ons 'n heerlike geurige vleisdis in die swartpot.

**DONDERDAG 30 JUNIE**

Die engelekore om ons wek ons vroegdag. Die pale en grasdak kerkie oorkant ons kamp-terrein word op die oomblik gebruik vir huisvesting vir 'n groep kore en die tolke uit Malawi. Hulle maak almal gereed vir die groot kerkdiens Sondag (Danie Murray sal dan ook as leraar van die gemeente -CCPA kerk-bevestig word.) Hulle begin al so teen 03:30 sing. Dis pragtig in verskillende stemme, maar nog so effe vroeg om dit heeltemal te waardeer.

Ontbyt:Vanilla-pap in die driepoot (Kreemy Meel)

Inge was wasgoed dat die skuimbolle en die stofwolke staan. Dis vandag bewolk en ons maak die laaste broodjies vir middagete op die vuur - eintlik is dit al amper "toast" sonder om dit verder te rooster! Ons maak 'n groot driepootpot vol sop.

Ons mans moet skielik in Malawi gaan bakstene haal en ons eet so stuk-stuk. Teen 14:30 is almal darem klaar geëet en ons kan met die aandete begin.

Die bouwerk is goed op dreef en Bonny beplan al aan haar vertrekke.

Aandete: skenkels met groente en natuurlik pynappel vir slaai!

Corné se heerlike fudge vir nagereg.

Die Evangelisasiespan wys weer hul Jesus film en die kinders gaan kyk 'n stukkie. Teyo ontdek met 'n skok dat iemand sy tas uit sy tent gesteel het (daar is net twee tente sonder grondseile!). By wie gaan dié lang man nou klere leen? Blykbaar was die skelm mak omdat die heining hom weggesteek het.

**VRYDAG 1 JULIE**

Ons word weer wakker met vroeë môresang en een van die ma's het beslis 'n probleem om haar suigling in die vroegoggend ure gelukkig te hou. Ek het hierdie wonderlike "wete" in my dat ek die Here innig dankbaar is dat hy my "genooi" het om saam te kom Milange toe-en baie dankbaar dat ek nie die uitnodiging van die hand gewys het nie...

Ontbyt:Weetbix en seuntjiepap (die Coetzee-seuns is in die wolke!).

Die dogters bak hul eerste brood onder Marguerite se kennersoog. Sy knie soos 'n wafferse skou-bakster. Die brode is 'n reuse-sukses. Inge en Louise ken al heelwat kinders se name en leer hulle middel-mannetjie speel. Louise is daarvan oortuig dat sy met 'n sendeling wil trou en in Milange kom sy beslis weer kuier. Mens hoor van ver af hoe die kinders roep: Louisa, llona, Ingele! En "Jesus min my salig lot" in Chewa kom ook van oral aangesweef.

Ek lewer skoonmaakdienste om neuse, ore, nekke skoon te maak van sand, stof, sweet - die manne met baard skeer blykbaar sommer die sweet en sand af! Ben kom sit vir 'n lekker skoonmaak sessie en geniet vir die eerste keer in sy lewe sy ma se higiëniese neigings.

Oom Hans werk almal onder die stof - hy kap hout, maak vuur, gooi bakstene, stoot kruiwa en laat die ander weer 'n keer dink voor hulle kla. Die manne werk hard. Teyo spreek sy hartsbegeerte uit dat die wind weer 'n slag lekker moet waai sodat hy lekker kan slaap... (Marguerite kan dan weer hard sukkel om hom wakker te kry om in die nag tentpenne in te kap!)

Aandete: Goulash met sampioensous!

**SATERDAG 2 JULIE**

Alhoewel dit Saterdag is, moet die bouers steeds in hul werks-roetine bly( anders begin hulle dalk hier op die Saterdag WP-Nuweland-koors ontwikkel) en ons is weer net na 6 uit die vere.

Ons eet net koffie en beskuit vir ontbyt en Teyo sien al kolle voor sy oë nog voordat die beskuit onder in sy maag val. Soos die grote piep, so skree die kleintjie: Theodor is daarvan oortuig dat hy ook kolle sien...(Marguerite, hoe kry jy hulle ooit vol?)

Inge besluit om 'n DM oorpak aan te trek en te help bou- en sy geniet dit terdeë om haar pa se handlanger te wees. (Durbanville Munisipaliteit het 60 afgeskryfde oorpakke saam gestuur - baie gepas, want agterop elk is DM geborduur: Danie Murray!!)

Ons stap put toe en neem foto's. Die kinders se klere is baie stukkend en karig. Die seuntjies se broekies is stukkend en onderklere is oral skaars.

Middagete: spek en eiers op die kole (ek het gedink ek hou nooit op met trane van rook en stoom uitvee nie!).Die dogters bak brood vir Sondag en gee vir Bonny 'n demonstrasie.

Abrie en Teyo gaan leen sement en Theodor en Jean besluit om die stort se vloer uit te sement met 'n kunswerk. Die mans werk tot laataand.

Aandete: Mev. Smit bak vir ons voortreflike vetkoeke op die vuur en ons bedien dit met 'n pikante Bully Beef smoor! Almal sien uit na môreoggend se laat slaap!

**SONDAG 3 JULIE**

Die laat slaap werk nou nie heeltemal soos in Durbanville nie, maar nouja, dis darem bietjie stadiger met die opstaan. llona verjaar en die laatslapers moet later op hul eie weer vir haar sing. Almal is in kisklere uitgevat vir die kerkdiens. Mooi lang rompies soos wat ons elke dag dra met sandale of sokkies en skoene en ons is almal in ons pragtige Bergsig T-hemde getooi. (Dis 'n onthoudingskerk, daarom geen alkohol, rook of langbroeke - soen in die publiek is ook natuurlik verbode en mense van teenoorgestelde geslagte vat ook nou nie eintlik aanmekaar nie. Dankie tog vir die grasskerm dat ek so nou en dan 'n drukkie kan kry...) Mario is net so bly oor die skerm. Hy en Christo het so nou en dan onttrekking simptome, maar dan kry hulle darem weer 'n kansie in die tent om hul longe te laat werk.

Danie en Bonny is uitgedos vir die geleentheid. Dit moet voorwaar vir hulle 'n baie groot dag wees. Hier word nou Geskiedenis gemaak. Die kerkdiens begin om ± 09:00, maar ons is al so van 08:30 af aan die aanstap, want die gemeentelede en ander span is ook al daar.

Voor in die kerk is 'n langwerpige tafel met 'n wit tafeldoek en twee pragtige potjies met blommetjies wat iewers in 'n tuintjie gepluk is. Dss Matanda en Bessitala  is daar, ook 'n vrouekoor uit Malawi, die vrouediens koor, die evangelisasiespan met hul tolke, ons bouspan en gemeentelede van heinde en ver. Dit kom en gaan in die kerkie. Alma sit op grasmatte in die kerk - die mans aan die een kant, die vroue en kinders aan die ander kant. Hier is mens intens bewus van mense se geloof, maar ook hul nood. Die mense is netjies aangetrek, maar hier en daar is die armoede baie sigbaar. (Ek tel 'n kleutertjie wat lastig raak op my skoot en besef skielik dat dié mensie niks onder die rokkie aanhet nie-as sy nou iets op my skoot agterlaat, gaan Marius met sy videokamera nooit die geleentheid laat verbygaan nie…!)

Die kerkdiens is twee en ‘n half uur, maar dit voel beslis nie so lank nie. Die kore kry elk 'n beurt om te sing. John Roux kry 'n spreekbeurt via 'n tolk, so ook Teyo en Abrie. Dis 'n baie interessante ervaring om via 'n tolk te luister. Die geloofsbelydenis (sonder tolk) is 'n wonderlike geestelike ervaring. Die mense reageer baie en geniet dit wat gesê word-ds Matanda het beslis 'n sin vir humor! Ds Bessitala lewer 'n baie gepaste preek en ds Matanda neem Danie se bevestiging waar. Hierna kom vroue met mandjies boontjies/meel na voor en gooi dit in sakke-dis hul oesfees-terwyl die kore sing. Gedurende die diens is daar maar gedurig mense wat inkom en uitgaan. Ons sing heerlik saam en Thys en Danie sing pragtig saam uit die Chewa boekie.

Na die kerkdiens kom drink van die mooie meisiekinders tee by ons jong manne - en is hulle nie in hul skik nie! Met goeie rede, want dis darem 'n klomp oulike meisies!

Ons gaan stap tussen die kleihutte en voel soos die fluitspeler van Hamelin: die kindertjies hardloop agterna en llona moet hulle vang en kielie. Oral is ware te koop: mieliemeel wat in die son oopgestrooi is, sade, peule, Coke, sigarette, kassava-wortel en dit waarna ons so uitgesien het: gedroogde muise! Die Chewa kinders lag baie lekker vir ons grille! (Die verkoper van die mieliemeel stop ons toe ons 'n foto wil neem en gaan trek eers 'n spoggerig pelsjas aan en kom staan toe en poseer vir die foto by sy mieliemeel!!)

Van die kinders is baie bekommerd oor die "blink" (ortodontis-draadjies)wat in Inge se mond is en gaan haal 'n stuk baksteen en demonstreer vir haar dat sy dit moet uitkap!! Ek wonder hoeveel Chewa-tjies gaan volgende keer met stukkies draad tussen hulle tande rondloop!!

Dis die warmste dag tot dusver en ons eet broodjies vir middagete. Ek en Abrie pas kamp op en die res gaan dorp toe vir "sightseeing". Hulle kom sowaar terug met koeldrank!! Ons braai tjops en wors vir aandete.(Dié slag genoeg vir almal!!)

**MAANDAG 4 JULIE**

Thys vermoed sy been is gekraak van sy groot val in die fondasie. Die res van die span gaan werk en ons bly maar besig met skoonmaak, kosmaak en wasgoed was. Dis nogal 'n vreemde gewaarwording om in die oggend met vuil hande wakker te word! En wat nog erger is, is dat mens dit later gewoond raak - tot jy weer met opstaantyd jou hande met seep en water gaan was en dan weer van nuuts af verontwaardig is!

Ek bid vanoggend dat die kos genoeg moet wees en dat ons dit oordeel-kundig moet gebruik. Ons bak brood vir middagete en hulle eet glad te veel. Marguerite kom met die wonderlike voorstel dat ons in die vervolg die brood die vorige dag bak-dan eet hulle vir die honger en nie agter die lekker aan ook nog nie!!

Die mans werk aan die pad en pak stene in 'n tweede put in 'n poging om die water skoner te kry.

Ds Matanda en sy seun kom drink koffie by Teyo en vertel hom van sy roeping om uit sy luukse-huis in Blantyre (Malawi) te trek en in Milange(Mosambiek) in 'n bouvallige huis te kom sendingwerk doen. Ons besef weer dat sy huis ook baie herstelwerk benodig.

Ben ondersteun die mediese dienste en Marguerite moet gedurig plak en pleister aan hom! Die kinders van die omgewing is in die vullisgat ('n 2 x 2 x 2 meter gat ±50 m van ons kamp af waarin ons al ons afval stort) en soek al wat blikkie, deksel, stukkie plastiek of afvalkos is - dis ontstellend en ek is baie bekommerd dat hulle siek gaan raak van die onhigiëniese toestande. Ons probeer hul wegjaag, maar hulle dink dis 'n groot grap en 'n baie besliste manier om ons aandag te trek. Marguerite probeer in Chewa verduidelik, maar as ons weer kyk, is hulle weer daar. Ons besluit maar om die leë blikkies op die rand van die vullisgat te los sodat hulle dit kan kom haal, want uit die gat uit kan ons hulle nie hou nie.

Die bouspan beïndruk ons met die vordering aan die huis – dit is al kosyn hoogte!

Aandete: macaroni en kaas met weense worsies, slaai en vrugteslaai.

**DINSDAG 5 JULIE**

Ons is weer vroegdag op vir koffie, beskuit, ontbyt,ens.

Abrie neem die vroumense Milange dorp toe op soek na meel en koeldrank. Dit is hartseer om soveel armoede en ellende te sien in 'n dorp wat sigbaar baie mooi moes wees voordat bomme en koeëls dit verwoes het. Ons sien 7 lande se hulporganisasies wat help met

nooddienste-medies sowel as voeding. Alles in die dorp is baie vuil, maar die Deense hulpgroep se huis staan indrukwekkend skoon en vars uit tussen die ander en gee moed.

Ons koop meel en koeldrank (R10 'n bottel) by die Indiër met sy nuwe Mercedes. Ons betaal met Suid-Afrikaanse rande. Die winkel net langsaan is net gate deur geskiet en die drein loop so tussendeur uit tot in die straat. Abrie wil nog 'n draai by die mark maak, maar ek is baie skepties. Ons ry liewer op teen die bult na die eertydse Administrator se huis en die hospitaal. Dis pragtig en daar moes vroeër indrukwekkende tuine gewees het. Die groot flambojante, jakarandas, papajas, piesangs groei welig tussen die geboue. En tussenin staan die modderhutte met die grasdakke (hier in die dorp lyk dit nie of die hutte so skoon is nie en elkeen het ook nie sy eie toilet skerm soos in die area waar ons bly nie).

Die mans grawe verder fondasies vir die motorhuis en 'n gastekamer. Vandag is Thys se rug seer-hy bly tuis en was wasgoed. Sy ma gaan beslis bly wees. Abrie beveel aan dat ons die gasstofie gebruik en die kinders bak pannekoek vir middagete - 'n lekker afwisseling. Laatmiddag kom 10 studente van Stellenbosch daar aan (hulle kom die kerk bou) en ons verras hulle elkeen met 'n Afrika-pannekoek ('n piesang in elke pannekoek).

Die middag is die manne effe ledig en die kinders speel Rummykub.

Abrie en Ben gaan saam met Danie na die grenspos op soek na die vragmotor wat die sement moet bring.

Aandete: maalvleis, pampoen in die kole, rys, boneslaai. Vrugteslaai.

Abrie, Ben en Danie kom nie te voorskyn nie en ons eet maar later. Dis baie donker en koud. Ben het net 'n kortbroek aan en die bakkie is sonder kap. Bonny oorweeg dit om na die vermistes te gaan soek, en Teyo en Marius gaan op 'n verkenningstog. Hulle kom terug sonder nuus van die vermistes of die bakkie of die vragmotor met sement. Waar "slaap" my man en seuntjie vanaand saam met Danie in Mosambiek? Teen 09:00 kom Abrie en Ben te voorskyn. Hulle moes ds Matanda 60km verder by die evangelisasiespan gaan haal om sy hulp te kry by die grenspos. Met hul terugkoms was die grens amptenaar bietjie in 'n ander toestand as waarin hulle voorheen met hom onderhandel het en weier dat hulle oor die grens kom van Malawi af. Ek is baie dankbaar dat almal veilig terug is. Lyk my hulle was by tye self bietjie onrustig. Danie, Abrie met Ben op sy skoot en ds Matanda (wat nie piepklein is nie) het almal saam voor in die bakkie gery op plekke wat nog nie almal van landmyne skoongemaak is nie.

**WOENSDAG 6 JULIE**

'n Heugelike dag! Die 30 ton vragmotor bring vandag die 600 sakkies sement wat afgelaai moet word. Dankie vir 10 ekstra paar studente hande - sal hulle weet wat vir hulle wag? Elke sakkie weeg 50 kg en die manne is spierwitgrys van die sementstof.

Danie was wasgoed-dié Smitte is oorgehaal om hul ma met skoon klere te verras! En dit word nogal baie skoon ook gewas.

Middagete: natuurlik brood en konfyt-wat dan anders!!

Danie en Bonny maak 'n bydrae van 'n heerlike vrugtekoek vir nagereg (wat oorstaan vir koffietyd). Die manne is haastig met die bouwerk, want die bouheer (Marius) verlang al hoe meer Kaap toe. Abrie se kruiwa met sement is te swaar vir hom en hy bollemakiesie bo-oor die kruiwa tot bo-op Marius toe hy die kruiwa as demonstrasie in die fondasie wil om tip. Abrie en Ben gaan maak mev. Matanda se slaapkamerdeur vir haar reg en sy is diep dankbaar. Die huis is donker en in 'n baie swak toestand.

Louise soebat dat ons langer moet bly. Daar word besluit dat ons sal oppak sodra die binnemure ook klaar is.

Aandete: Vis en lasagne (en beslis 'n wonderwerk: die vermeerdering van die vissies!).

**DONDERDAG 7 JULIE**

Die mans spring douvoordag aan die werk om te kyk hoe ver hulle kan  kom met die laaste werk. Teen ontbyttyd weet ons vir seker: ons ry net na middagete. Louise gaan groet vir oulaas en ons begin inpak en opruim.

Om ±14:00 val ons weer in die pad- met heimwee in ons harte laat ons die kampterrein oor aan die studente wat daar gaan intrek.

Ons ry vir oulaas deur die dorpie met die vriendelike mense wat vir my 'n groot lewensles geleer het: mens hoef nie goeters te hê om gelukkig te wees nie! Die kindertjies hardloop saam met die bus en wuif vrolik en duik agter die lekkergoed aan wat ons vir hulle agterlaat. (Ek kan nie help om te dink aan al die lekkers op die busvloer wat nie geëet word nie, want dis nie altyd ons smaak nie - en dié mense, oud en jonk, hardloop vir elke enkele lekkertjie wat na hulle kant toe kom!)

Dis met gemengde gevoelens wat ons deur die dippies en slote van Danie en Bonny se gemeente dorpie ry… Mag die Here hulle almal ryklik seën.

Die pad Blantyre toe wat voorheen so mooi was, is nog net so pragtig. Ons is nie hartseer om terug te gaan oor die Mosambiek grens na Malawi toe nie. Malawi is maar eenmaal 'n vriendeliker en veiliger plek as Mosambiek. Die werkers in die tee- en koffieplantasies hou op met werk as ons hulle wil afneem en almal bly nog net so vriendelik en lief vir wuif. Ons besef dat dit 'n baie langer pad vorentoe na die Malawi meer is as wat ons gedink het en besluit om maar voet in die hoek te sit - dit doen die lang man met die baard ook sommer baie goed…In die skemer sien ons al meer moskees in Malawi - daar word gesê dat daar elke 50 km 'n moskee is, opgerig deur die Arabiese lande… Dis ontstellend en mens besef

net weer hoe belangrik dit is dat die Christendom aan dié mense verkondig moet word. Die grootte en weelde van die moskees is opvallend. Marguerite ken gelukkig die omgewing redelik goed en lei ons na ons bestemming. Dis nou reeds donker en ons slaan die kos tent en nog 'n tent vir die Coetzee-egpaar (!) op met wat ons dink in die regte rigting wys! Oom Hans besluit om in die bus te slaap en die res van die geselskap maak vir hulle slaapplek in die kostent en op die grasperke (weelderig om 'n grasperk om jou te hê en 'n werklike kampterrein met toilette en krane waaruit water kom - om nie eens van storte met warmwater te praat nie!!). Die wind waai effens en dis snaaks om water naby te hoor en die wind in die takke van die groot bome by ons, maar nie bekommerd te wees oor hoogwater nie!

**VRYDAG 8 JULIE**

So teen 03:00 is daar 'n taamlike gewerskaf buite -die miere het die span getakel en na baie uitskud en afskud het almal opgetrek en op die sand langs die meer gaan lê om verder te slaap.  Teen dagbreek het die mooiste gesig vir elkeen van ons gewag: toe ons ons tentklap oopvou, was die meer reg voor ons (± 20 meter gras, daarna die mooiste spierwit strand wat glad getrek word deur 'n werker met 'n lang, swaar paal wat met 'n tou om sy skouers agter hom aangesleep word om ook die seekoeie wat tussen die slapendes deurgeloop het se spore word te verberg. Palmbome op die sand, die stil meer, die son wat opkom oor die water en visarende wat laag oor die water swiep op soek na 'n vissie. Dit het soos die paradys gevoel en gelyk. Mooier kan dit seker nie wees nie! Twee groot seekoeie kom kuier, maar bly gelukkig in die water. Die dag daar vertoef, ook omgestap na die hotel ± 1 km van ons kampeerterrein af om te gaan kyk hoe die visarende gevoer word. Kennis gemaak met die verkopers van al die pragtige handewerk en baie mense gekry wat (wettig én onwettig!) handel wou dryf. Middag gaan swem by 'n pragtige vakansie hotel met baie moderne geriewe en die mooiste strand - Hoby Cat gehuur en die kinders het 'n Paddle Ski gehuur en bietjie rond geroei. Luilekker op 'n lang stoel in die son gelê en droom. Aand vleis gebraai by heerlike geriewe.

**SATERDAG 9 JULIE**

Teyo, Marius, Abrie en Marguerite gaan om 06:15 saam met die seekoeie swem.  Heerlike dag geniet -rondgeloop tussen die stalletjies, die mark besoek(Mangochi) en die tipiese dorp mark items aangetref. Teyo het vir hom heerlike lekkernye gekoop om aan te smul en Marguerite het gedreig om hom as gevolg daarvan nooit weer te soen nie!! Ons koop ook mooi lappe en brood vir etenstyd -gelukkig is dit by 'n bakkery gebak en elkeen netjies in 'n plastieksakkie verpak! Dis warm en ons kan koue koeldrank koop!! Dis inpak-en oppak tyd om aan te gaan. Hierdie is voorwaar 'n pragtige plek waarheen almal wil terugkom.
Aandete: ons eet by die Nkopolo Camping Site van hul tradisionele Chambo & Nsima (vir

die meer waaghalsige) en sê dankie vir Joan Visser wat 'n groot deel van die geld vir die ete bygedra het.

Die tente word almal afgeslaan en ons slaap almal op die sand. Wat 'n belewenis! Die sterrehemel is onbeskryflik-dis wonderlik om gedurende die nag wakker te word met die water by jou voete en die sterre in die lug… die Here is voorwaar groot.

**SONDAG 10 JULIE**

Veels geluk met jou verjaardag, Mario!! So vroeg het jy nog nooit 'n verjaardag lied gehoor nie en nog nooit het jy in die "somer" verjaar nie!! Ons staan weer donkernag op en val 04:00 in die pad - aan die een kant met baie heimwee, maar aan die anderkant verlang die klomp erg huis toe en mens wens eintlik die pad was dié keer direk Kaap toe. Ons ry tot Harare. Die bus gee weer probleme. Om 18:00 stop ons in die industriële gebied en die Here stuur iemand (Cefas- nou nog seker dit was 'n Engel) om die bus se diesel pypie weer te kom regmaak - intussen deel Ben die Jeugsang bundels uit en ons sing maar lustig voort om die tyd om te kry en gemoedere kalm te hou.± 19:00 sien ons die afdraaipad na die "plaas" en is baie dankbaar vir die het, besef ons dat die bakkie (met Christo en Thys) nie meer met ons is nie. Die 2-rigtingradio is ook buite werking. Waar het ons hulle verloor? Dis koud en donker en honger. Uiteindelik daag hulle ook op by ons slaapplek. Ons is dankbaar vir Nicolette en Bertus se gasvryheid en lekker sop en broodjies.

**MAANDAG 11 JULIE**

Ons val op die matrasse/vloer neer en slaap tot 03:00 om maar weer in die pad te val tot by Victoria Valle. Dis 'n lang reis en in Bulawayo laat ons die bakkie se bande hersien en loop bietjie rond -teen dié tyd is niemand eintlik meer lus vir rondloop of rondry nie!! Ons vat die pad uit Bulawayo en kry 'n pap wiel net buite die stad. Hiervandaan laat loop ons en kry 'n "spoedboete"! Gelukkig is die verkeersman ons genadig. Ons kom weer skemer aan by die bestemming en is erg onthuts oor die uiters swak toestande van die munisipale kamp - hier is ek sowaar te vies om te stort! (In Milange was dit grond - hier is dit vuil omdat hier te veel mense bly met te min en swak geriewe.) Ons slaan twee tente op (die kos tent vir die jonges en die Voortrekker tent vir die getroudes en verlangendes.

**DINSDAG 12 JULIE TOT DONDERDAG 14 JULIE**

Ons gaan kyk na die majestueuse watermassa en staan in verwondering oor die skouspel. Dis interessant hoeveel verskillende nasionaliteite hier saamkom (en ons kry ons bure, die Prinse, ook glad daar in die hoofstraat by die Wimpy!).Ons is teleurgesteld oor die swak bemarking van die omgewing.

Teyo en Theodor vertrek Woensdagmiddag 15:00 na Pretoria vir 'n vergadering. Woensdagaand gaan eet ons vir 'n spesiale vergunning uit by die Wimpy. Glad nie gedink

dis so waffers nie! Ek is maar te bly iemand anders is verantwoordelik wat op wie se bord beland…Ons gaan pak verder in en slaap 12 mense in die kostent, die res in die bus!…en vertrek weer 03:00,ry tot in Honeydew, Johannesburg (na 16uur op die pad) waar ons by liewe Koot en Christa Serfontein slaap. Vertrek weer die volgende oggend net na 04:00 en kom na 18 uur dankbaar in Bergsig aan.

Voorwaar, die Here was en is vir ons baie goed. Prys sy Grote Naam!